

Kiepersol se kersboomsaamtrek

Met ons aankoms Vrydagoggend, was ons lekker verras met senior burgers wat alreeds Donderdagaand daar oornag het. Deur die loop van die dag het nog baie woonwaens opgedaag wat die getal opgeskuif het na 21 plus een tent. Wat 'n pragtige opkoms vir die laaste saamtrek van die jaar. Dit kan toegeskryf word aan die gerief van 'n naby kamp. Dit bespaar reiskoste, tolgelde en tyd, veral vir die kinders wat besig is met eindeksamen, asook werkende lede wat onder druk is met jaareind werksaamhede en - funksies.

Vrydagaand is die boekevat deur Fanie en Alida waargeneem. Daarna is lekker koffie en tee geniet, gevolg deur Registrasie.

Gelukkig het die weer ons Saterdagoggend toegelaat om van die kersboom en braai 'n sukses te maak. Die nabyheid van die kampterrein het weer eens bygedra tot 'n groot getal besoekers, kinders en kleinkinders van die kampeerders. Die hoogtepunt vir die kinders, was natuurlik die kersopvoering en die arrivering van Kersvader met sy groot sak geskenke.

Die boekevat is deur Nic Fourie gedoen en daarna is toekennings, wat nie by die kongres of AJV gedoen kon word nie, deur Hennie Ferreira gedoen. 'n Vrugtekoek deur Anna Rall geskenk, is volgens die Amerikaanse styl opgeveil en het bykans R700 ingebring. Baie dankie Gert en Anna.

Die gesamentlike braai daarna was baie gesellig, ten spyte van die klonte in die pap en die vure wat aangeblaas moes word met 'n haardroër. ('n klein foutjie!) Die vrugteslaai en roomys het goed afgegaan. Dankie vir al die blikke vrugte.

Sondagoggend is die diens deur ds. Heinrich Carstens waargeneem. Die inspirerende boodskap "Verdwaal", het stof tot nadenke gelaat. Die afsluiting is gedoen met die gebruiklike koek en tee. Ons dank aan Hannie wat 'n spesiale verjaarsdagkoek gebring het. Hannie mag die nuwe lewensjaar vir jou vreugde en gesondheid inhou.

Kampkommandante: Fanie en Alida Venter, Nic en Johanna Fourie

Aansporingsplaatjies, toekennings



*Foto's
geneem
deur
Johann
Lemmer*



*Streek Ere (Hoër
Graad): Lettie Leach*

*Nasionale Trofee vir beste bydraes tot nuus-
briewe: Schalk Nolte (saam met kleinkinders)*



*90 eie en 150 algemene saam-
trekke: Johanna en Pieter
van Biljon*



*Nasionale Meriete vir 25 jr lidmaat-
skap: Lenie en Willy Lubbinge,
Johanna en Nic Fourie, Alida en Fanie
Venter, Magdanell en Theunis Botha*



*100 eie saamtrekke:
Willy en Lenie Lubbinge*




*120 eie saamtrekke: Johann en
Alet Lemmer (Foto: Rigard)*

Kersboomsaamtrek en erkenning



*Kampkommandante: Nic en Johanna Fourie, Pierre de la Harpe en
Fanie en Alida Venter saam met Hennie Ferreira Iloma: Sleepman en Kongres*



*Fanie en Alida Venter:
Bydrae tot Kongres 2009*



*Derrick du Plessis se bod was suk-
sesvol vir tannie Anna se vrugtekoek*



*Nic Fourie: Erken-
ning as ouditeur*



*Linda en Louw de Jager: Erkenning vir
verskeie prestasies op streekvlak*



*Hennie wens vir Hannie geluk met haar
verjaarsdag Sondag by die saamtrek*

Kersvader deel geskenke uit . . .



. . . en die kinders geniet dit



Kersfeesvader by die lapa

Swaardra aan al die presente



Kinders met hulle presente



Deelnemers aan die kerstspel